ATKV

DIGITAAL

2021

DEELNEMERSGIDS

AFRIKAANS: DIE TAAL VAN JOU KOP EN JOU HART ... ÉN JOU VINGERS!

Met ATKV-DigiTaal kan jy vir die eerste keer jou taalkennis toets en uitbrei en al wat jy nodig het, is ’n rekenaar, tablet of slimfoon!

Om hierdie taalkompetisie nog meer uniek te maak, tel jou ouderdom nie teen jou nie! Maak nie saak of jy nou nege jaar oud is, of reeds 110 jare agter die blad het nie, jy kán deelneem

Afrikaans lê die ATKV na aan die hart en ons en die Beter Afrikaans-span nooi jou uit om jou liefde vir en kennis van Afrikaans met dié kompetisie te vier.

KATEGORIEË

Afrikaans Huistaal

- Graad 3
- Graad 4
- Graad 5
- Graad 6
- Graad 7
- Graad 8 en 9
- Graad 10 tot 12
- Volwassenes

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

- Graad 3
- Graad 4
- Graad 5
- Graad 6
- Graad 7
- Graad 8 en 9
- Graad 10 tot 12
- Volwassenes

INSKRYWINGSGELD EN SLUITINGSDATUM

Inskrywingsgeld beloop R120 per deelnemer.
As jy voor of op 2 Maart 2021 inskryf en betaal, betaal jy die verminderde bedrag van R100 per deelnemer.

Alle inskrywings sluit op 5 Maart 2021.

VERLOOP

Die datums waarop die digitale platform vir deelname beskikbaar gaan wees, sal ná die sluitingsdatum aan die deelnemers gestuur word.

Deelnemers sal oor die uitslae in kennis gestel word en hulle toekenningsertifikate ontvang.

Ná afloop van deelname op die digitale platform, sal die name van die topdeelnemers in elke kategorie op die ATKV-webwerf verskyn.

AARD VAN DIE PROJEK

- In elke kategorie is daar ’n aantal verskillende vlakke waarvan die moeilikheidsgraad toeneem soos wat die vlakke vorder.
- Elke kategorie bestaan uit 25 tot 50 vrae (afhangend van die graadkategorie waarin die deelnemer deelneem) wat op die digitale platform beantwoord moet word.
- Die vrae kan wissel na gelang van die graadkategorie waaraan die deelnemers deelneem, asook die skoolkurrikulum van die betrokke graad. Dit sluit onder meer in:
  - Basiese spelling;
  - Lees- en skryftekens;
  - Meervoude, ens.;
  - Woorde: Los of vas;
  - Hoof- en kleinletters;
  - Weetwoorde;
  - Uitdrukkings en segswyses;
  - Taalkonvensies.
- Indien meer as een deelnemer aan die kompetisie dieselfde aantal vrae aantal vrae in die spesifieke kategorie korrek het, word daar gekyk na die tyd wat die deelnemer geneem het om al die vlakke te voltooi.

TOEKENNINGS EN PRYSE

Elke deelnemer ontvang ’n deelname-sertifikaat met die persentasie wat hy/sy tydens deelname op die digitale platform behaal het.

Die wenner in elke kategorie ontvang:

- ’n Geskenk van VivA!
- ’n Kontantprys/Boekprys.
- ’n Deelname-sertifikaat van die ATKV.

HOE OM IN TE SKRYF

- Inskrywings open 22 Januarie 2021.
- Gaan na die ATKV se ledeplatform (https://lede.atkv.org.za/) om jou aanlyn inskrywing te voltooi.
  - **LEDE:** Indien jy reeds op die ATKV-ledeplatform geregistreer het en ’n wagwoord het, kan jy nou inteken.
  - Indien jy nog nie het nie, gebruik die e-posadres wat jy verskaf het ten tye van jou ATKV-lidmaatskapaansoek as jou gebruikersnaam.
  - Vul dit in die “gebruikersnaam”-spasie in. (Indien jy nie meer toegang tot daardie e-posadres het nie, skakel 011 919 9000.)
  - Klik dan op “wagwoord vergeet”.
  - Jy sal nou die nodige stappe volg om ’n nuwe wagwoord te skep.
  - Gebruik dus voortaan die wagwoord saam met jou e-posadres om toegang tot dié platform te kry.
  - **NIE-LEDE:** Klik op die “Skep ’n nuwe profiel indien u nie reeds ’n ATKV-lid is nie”-skakel, en skep jou profiel om toegang tot dié platform te kry.
- Op jou profiel sal jy ’n “DigiProjekte”-skakel sien waarop jy kan klik.
- Daarna sal jy ’n keuse van DigiProjekte hê, klik dan op DigiTaal, en voltooi jou aanlyn inskrywing, tesame met die betaling, op dié platform.
- Betalings moet verkieslik op die ATKV se ledeplatform (https://lede.atkv.org.za/) gemaak word.
- Datums vir deelname, op die digitale platform, sowel as die skakel na die aanlynplatform sal na afloop van die sluitingsdatum aan die aangewese kontakpersoon gekommunikeer word.
- Deelnemers wat inskryf, moet by die ATKV opvolg of die inligting wel ontvang is indien hulle binne een week geen bevestiging van ontvangs ontvang nie.

BETALINGS

Inskrywingsgeld beloop R120 per deelnemer. As jy voor of op 2 Maart 2021 inskryf en betaal, betaal jy die verminderde bedrag van R100 per deelnemer.
Alle inskrywings sluit op 5 Maart 2021.

Bank:	Absa, Randburg
Rekeninghouer:	ATKV
Tjekrekeningnommer:	017 016 67 28
Takkode:	632 005
Verwysing:	DigiTaal en naam en van *Byvoorbeeld: DigiTaalJacquelineGöttert*

KANSELLASIEBELEID

Geen inskrywingsgeld is terugbetaalbaar nie. Die inskrywingsgeld sal slegs terugbetaal word indien die projek deur die ATKV gekanselleer word.

REËLS EN RIGLYNE

- Die deelnemers neem as individue deel. Deelnemers mag nie deur enige iemand gehelp word om die woorde te lees of te tik nie.
- ’n Deelnemer moet in dieselfde graad deelneem as waarin hy/sy tans op skool is.
- Deelnemers se toestelle moet te alle tye gedurende deelname aan die kompetisie aan die internet verbind wees.
- Daar word aanbeveel dat deelnemers die werking van die toestel wat hulle tydens deelname gaan gebruik, vooraf beter leer ken om sodoende spesiale karakters met gemak te kan tik, soos byvoorbeeld ê, ë, ï, ô en û.
- Vrae kan wissel na gelang van die graadvlakke waaraan die deelnemers deelneem, asook die skoolkurrikulum van die betrokke graad.
- Dit is die deelnemer se verantwoordelikheid om self te onthou om gedurende die gespesifiseerde tyd deel te neem. Indien die deelnemer ná die tyd probeer deelneem, sal die platform nie meer beskikbaar wees nie tensy daar ’n reëling met die projekorganiseerder getref word.
- Die persoon of persone wat inskryf, vrywaar die ATKV teen enige eise wat mag ontstaan as gevolg van skade of verliese van enige aard wat so ’n persoon of persone mag ly tydens die verloop van die kompetisie.

KONTAKBESONDERHEDE

Enige navrae, hulp of ondersteuning kan direk aan ATKV-DigiTaal se projekorganiseerder gerig word:

Jacqueline Göttert
Telefoonnommer: 011 919 9038
E-posadres: jacquelineg@atkv.org.za

MEDIASKAKELS

#DigiTaal
Facebook: @ATKVSA
Twitter: @ATKVSA
Instagram: atkv_sa
Web: www.atkv.org.za